HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

27 Augustus 2021

Liewe ouers, leerders en personeel

Ek vertrou dit gaan goed met elke ouer, leerder en personeellid. Sedert my laaste omsendbrief is daar nog nie 'n afname in die aanmelding van Covid-gevalle by die skool nie. Ons moet asseblief aanhou om die Covid-regulasies met presisie toe te pas. Saamryklubs en klein bussies moet asseblief seker maak hulle volg die protokol. Navorsing toon dat dit een van die grootste verspreiders van die virus is.

Ons innige meegevoel met die afsterwe van mnr. Etienne van Blerk ouer van La Rochelle van Blerk gr. 11 en Nicky van Blerk gr. 8. Ons dink in ons gebede aan hierdie gesin, familie en vriende. Mag ons Hemelse Vader vir hulle in hierdie moeilike tyd die krag en wysheid gee om die situasie te hanteer.

Baie dankie aan die ouers wat die gesprek van dr. Johan Smith oor pandemie flouheid bygewoon het. 'n Opname van dr. Johan Smith is by die volgende skakel beskikbaar: https://www.outeniqua.co.za/pandemieflouheid/ **Alle ouers wat graag nog meer van ouerskap wil leer, moet asseblief na die opname kyk.**

1. **Covid 19**
   Die Senior Skoolbestuur, in samewerking met die Covid-komitee neem weekliks besluite oor die hantering van die pandemie. Ons kry baie versoeke om die leerders pouses buitetoe te laat gaan en om aan sportwedstryde met ander skole deel te neem. Ons eerste prioriteit is die veiligheid van ons leerders en personeel. Ons het op 26 Augustus ongeveer 20 leerders gehad wat positief getoets het en ongeveer 80 wat as gevolg van direkte kontak moet isoleer. Ons wil graag sien dat leerders maksimum tyd by die skool bestee. Die afgelope week is verskeie skole in Suid-Afrika gesluit. Ons wil nie graag sien dat ons skool vir drie of vier dae gesluit word nie. Daarom doen ek weer 'n beroep op elke ouer, leerder en personeellid om die Covid-regulasies toe te pas. Pas dit selfs toe as jy buite die skool beweeg, dit is in belang van elkeen se veiligheid.

2. **Akademie**
   Ouers moet seker maak dat hulle die eksamen- (gr. 12) en toetsrooster (gr. 8 – 11) ontvang het. Baie sterkte met die besige akademiese program van die leerders. Die matrieks het baie assessering wat in die middae plaasvind. Ons vertrou deur harde werk kan elke leerder aan die einde van die jaar volgens sy/haar potensiaal presteer.

   2.1 Voorbereidende-/September-eksamen
   Die matrieks begin 6 September met hulle LO-Nasionale vraestel. Hulle gaan die eksamen hoofsaaklik in die sysaal, GJB Volschenk skoolsaal, CRC-kerksaal en Bergsig se kerksaal skryf. Die leerders sal 'n rooster ontvang en hulle moet asseblief seker maak waar hulle skryf.

3. **Teenwoordigheid by die skool**
   3.1 Matrieks

   Die matrieks moet elke dag by die skool teenwoordig wees. Ons kry op die stadium baie leerders wat afsprake gedurende die skooldag maak. Ongelukkig kan die skool

nie daarvoor toestemming gee nie. Die matriekgroep kan, as hulle elke dag skool bywoon, baie goeie uitslae behaal. Hulle moet hulleself verbind om tot Vrydag 22 Oktober elke dag skool toe te kom. Ek doen 'n beroep op elke leerder en ouer om asseblief by die reëlings te hou.

ALLE MATRIEKS MOET TOT VRYDAG 22 OKTOBER 2021 BY DIE SKOOL WEES.

3.2 Gr. 11-leerders

Alle gr. 11-leerders kom voorlopig vanaf 6 September skool toe. Die matrieks begin dan met hulle voorbereidende eksamen. Die kapasiteit van die skool laat toe dat ons die gr. 11's almal elke dag kan laat skoolgaan.

3.3 Dagprogram gr. 8 tot 11

Die dagprogram gaan vanaf 6 September verander. Die onderwyspersoneel gaan elke oggend vergader. Die ondersteuningspersoneel gaan die skandering van leerders by die verskillende punte doen en een graadhoof sal aanvanklik by die skandering toesig hou.

Dagprogram vanaf 1 September 2021.

Tyd	Periode	Duur van die periode: minute
07:15 – 07:25	Personeelvergadering	10 minute. Een graadhoof word verskoon om te help met skandering Alle ondersteuningspersoneel by skandering
07:15 – 07:36	Skandering	21 minute
07:36 – 07:51	Registerperiode	15 minute
07:56 – 08:50	Periode 1	54 minute
08:55 – 09:49	Periode 2	54 minute
09:54 – 10:09	Pouse 1	15 minute
10:09 – 11:03	Periode 3	54 minute
11:08 – 12:02	Periode 4	54 minute
12:07 – 12:22	Pouse 2	15 minute
12:22 – 13:16	Periode 5	54 minute
13:21 – 14:15	Periode 6	54 minute
14:30	Personeel verdaag na sport- en kultuur-oefeninge en voorbereiding	

4 Matriekafskeid

Dit is vir ons baie belangrik om vir die matrieks 'n afskeid aan te bied. Die Covid-regulasies maak dit egter moeilik om te beplan. Die volgende reëlings is onderhewig aan die vlak van inperking en die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir onkoste reeds aangegaan, as die inperkingsvlak bepaal dat ons nie kan voortgaan met die matriekafskeid nie.

- **Datum:** 8 en 9 Oktober. Daar moet dus 'n gelyke aantal leerders die Vrydag en Saterdag die funksies bywoon. Die groep sal dus in twee gedeel wees.
- **Plek:** Die sysaal en skoolsaal

- Leerders sal soos gewoonlik by die voorhek inry en op die rooi tapyt, met sy/haar metgesel instap.
- Slegs Hoërskool Outeniqua matrieks sal die geleentheid bywoon.
- Geen toeskouers sal op die stadium toegelaat word nie. Daar sal dus geen tent voor die saal wees nie.
- Die koste van die matriekafskeid word bepaal deur die hoeveelheid leerders wat die matriekafskeid bywoon. Ons beplan om die koste min of meer dieselfde as die vorige jare te hou. Die koste is R550,00 per leerder.

5 Skoonheidskompetisie

Baie geluk aan Juanette Spangenberg wat op 26 Augustus 2021 aangewys is as Mej. Tiener van die Tuinroete. Baie sterkte met die verantwoordelikhede en verdere kompetisies.

6 Sport- en kultuur

As gevolg van die toename in getalle is alle oefeninge vanaf Woensdag 25 Augustus tot Vrydag 27 Augustus gestaak. Die situasie sal weer geëvalueer word en besluite oor oefeninge sal vroeg in die week van 30 Augustus geneem word. Die moontlikheid dat ons vanjaar teen ander skole met wintersport gaan deelneem, is baie skraal.

6.1 Atletiek

Baie geluk aan Mirè Reinstorf wat op Woensdag 19 Augustus 2021 die o.20 dames wêreldkampioen in paalspring geword het. Sy het met 'n hoogte van 4,15 m ook 'n nuwe o.20 Afrika-rekord vir paalspring opgestel. Ons is baie trots op haar en glo dat sy 'n ambassadeur in ons skool en land is.

6.2 Krieket

Baie geluk aan Francois Ackerman wat in die SWD senior krieketspan is. Hulle gaan aan die Afrika-beker deelneem. Ruben Groenewald en Francois is ook deel van die o.18-groep wat aan die Coke-week aan die einde van die jaar gaan deelneem.

6.3 Skaak

Twee van Hoërskool Outeniqua se skaakspelers, Corne Fourie en Grant Campbell, het die afgelope naweek aan die Eden Premier Skaakliga te Wildernis hotel deelgeneem. Hulle was in 'n span saam met twee van ons oudleerders, George Swart en Pieter Deyzel. Hulle het strawwe kompetisie gehad en briljant presteer deur die liga te wen. Dit is die eerste keer in 5 jaar wat die trofee weer George toe kom.

6.4 Kwagga Funksies

Die 3de **Kwagga Duiwe Wedvlug Veiling** vind op **16 Oktober** by die Bush Lapa in Heroldsbaai plaas. Vyftig jong wedvlugduiwe neem aan die wedvlug vanaf George na Victoria-Wes deel.
Ons opregte dank aan die hoofborg, Pick 'n Pay PreCap George & Pacaltsdorp.

Die **Citadel Kwagga Wynveiling** word op **30 Oktober** met Beyers Truter as afslaer, en oud-Kwagga, Sue Pyler, as seremoniemeester, aangebied.
Enkele tafels is nog beskikbaar.
Kontak die bemarkingskantoor by 083 632 6657 / bemarking@outeniqua.co.za

6.5 Finansies

Ons opregte dank aan al ons ouers vir gereelde betalings. Geliewe te onthou dat rekening voor of op 31 Oktober 2021 ten volle betaal moet wees, waarna alle uitstaande gelde aan die skool se invorderaars oorhandig sal word.

6.6 Klerebank

Ons rig 'n versoek aan al die ouers om hul kinders se ou skoolklere vir die klerebank te skenk. Ons wil graag ons rakke vir 2022 vol maak.

6.7 Musiek

Leerders van die Musiekdepartement het onlangs aan die Montague Kunstefees deelgeneem en het die volgende uitslae behaal:

Sang		
Gr 12:	Khayakazi Vur-Vur	(2 Silwer)
	Anke van der Schyff	(1 Silwer, 1 Brons)
Gr 11:	Inneke Theron	(1 Silwer, 1 Brons)
Gr 10:	Eugenie Engelbrecht	(2 Silwer)
	Kristin Swart	(1 Silwer)
Gr 9:	Henco Bester	(1 Goud, 2 Silwer)
Saksofoon		
Gr 11:	Monicke van der Walt	(2 Brons)
Gr 8:	Minke van Zyl	(1 Silwer, 1 Brons)
Klassieke Kitaar		
Gr 11:	Nicklen Gelderbloem	(1 Dubbel Goud, 2 Goud)
Klavier		
Gr 9:	Logan Jantjies	(1 Goud, 2 Silwer)
Dwarsfluit		
Gr 10:	Carla	(1 Silwer, 1 Brons)
	Madri Strydom	(1 Silwer, 1 Brons)
Gr 8:	Janique Meiring	(1 Goud, 1 Brons)
Instrumentale Ensemble:		(2 Silwer)
Jazz Ensemble:		(2 Dubbel Goud, 1 Goud)

Die volgende spesiale toekennings is ook gemaat:

Beste Senior Instrumentalis: Nicklen Gelderbloem

Feroll-Jon Davids Trofee: Nicklen Gelderbloem
Mees Belowende Student:

André Serfontein Trofee: Henco Bester
Solosang:

NJKF Musiekskild: Henco Bester

Herman van Niekerk Trofee: Outeniqua Jazz Ensemble
Orkeste

MMADD Trofee: HS Outeniqua
Uitstaande bydrae – Hoërskool

Garden Route Eisteddfod
Henco Bester (Gr 9) het aan die Garden Route Eisteddfod deelgeneem en die volgende uitslae behaal:
Jazz Afdeling: A+++, A++
Musiekblyspel Afdeling: A++
Hy het ook spesiale toekennings vir al 3 items ontvang.

Vriendelike Kwaggagroete

S.P. VORSTER
SKOOLHOOF